

Die stories van mense wat die president nie wou hoor nie.

U word hartlik uitgenooi na die vrystelling van die mini-dokumentêre program
***Die stories van mense wat die president nie wou hoor nie*.**

Die mini-dokumentêre program gaan op YouTube vrygestel word.

Die dokumentêre program handel oor die stories van die sowat 23 000 mense wat briewe aan president Zuma geskryf het. Die Presidensie het egter geweier om die briewe te ontvang. In die dokumentêre program vertel Suid-Afrikaners self aan die president van hulle pyn as gevolg van misdaad.

Die ankeraanbieder van die dokumentêre program is die sanger en akteur Steve Hofmeyr.

Tydens die vrystelling gaan Solidariteit ook bekend maak wat hulle volgende stappe met die briewe gaan wees.

Die dokumentêre program gaan oor regte mense en regte emosies. Van die briewe wat nie deur die president ontvang wou word nie, word in die dokumentêre program voorgelees. Misdaadslagoffers gaan ook self vertel van hulle hartseer en pyn.

Ons het besluit om die mini-dokumentêre program op YouTube vry te stel sodat gehore nasionaal en internasionaal na die mense se stories kan luister. Gewone Suid-Afrikaners wil vertel van hulle pyn, hartseer en vrees as gevolg van misdaad. Indien die Presidensie nie wil luister nie, sal die res van die wêreld luister.

YouTube
Broadcast Yourself™

Datum:

**Donderdag,
25 Februarie 2010**

Tyd:

**12:00 vir 12:30 tot 13:30
(ligte middagete om 13:30)**

Plek:

**Solidariteit Hoofkantoor,
DF Malanrylaan,
Kloofsig, Centurion**

RSVP:

**heleen@solidariteit.co.za
012 664 4359**

Uitnodiging